## BYLAAG A



**DIE VERHAAL VAN Airbnb**

**WAT IS Airbnb EINTLIK?**

Airbnb is 'n aanlynmark wat mense die opsie gee om kamers in hulle huis of die hele huis aan reisigers uit te huur. Reisigers met 'n beperkte begroting verkies Airbnb omdat dit tipies meer koste-effektief as 'n hotel is en dit hulle die geleentheid bied om soos 'n plaaslike inwoner te leef en die kultuur op voetsoolvlak te geniet.

Eiendomme word aanlyn gelys en reisigers kan foto's, die ligging en kliënteresensies besigtig voordat hulle op akkommodasie besluit – omtrent enige plek ter wêreld. Boonop kry jy aanbevelings van iemand wat daar woon en alles beter ken as enige iemand anders – dit help jou as reisiger om jou verblyf in die area ten beste te gebruik.

**VOORDELE VIR EIENAARS MET EIENDOM**

43 000 huise is in Suid-Afrika op Airbnb gelys, waarvan 17 000 in Kaapstad geleë is. Gashere in Kaapstad het 'n wins van tot R43 400 per jaar gemaak. Gashere gebruik hierdie inkomste om kop bo water te hou.

**VOORDELE VIR REISIGERS**

Reisigers met 'n beperkte begroting trek voordeel daaruit om hierdie goedkoper opsie i.p.v. hotelle te gebruik aangesien dit hulle 'n geleentheid bied om die plaaslike kultuur eerstehands te leer ken en soos 'n plaaslike inwoner te leef. Airbnb's is goedkoper as hotelle en dit bied meer privaatheid as jeugherberge. Jy mag gewoonlik die fasiliteite gratis gebruik, maar dit sal wissel van plek tot plek. As jy 'n hele huis huur kan jy gewoonlik gebruik maak van al die beskikbare toestelle soos die wasmasjien, tuimeldroër en skottelgoedwasser. Groep- en familieverblyf is koste-effektief, veral wanneer die hele huis gehuur word. Dit is egter ook lekker om plaaslike aanbevelings te kry vir die beste eetplekke om plaaslike kos te eet en nie-toeriste-gebaseerde aantreklikhede om te besoek. Ek voel dit is goed om "te doen wat die plaaslike mense doen" as jy die volle ervaring wil hê wanneer jy 'n vreemde land besoek. Hoekom 'n Wimpy-burger in Bali eet as jy die oorspronklike *nasi goreng* (plaaslike rys-en-groentegereg) kan eet?

**VOORDELE IS NIE BEPERK TOT SLEGS DIE GASHERE EN GASTE NIE**

In 2016 het die Airbnb-gemeenskap 730 000 werksgeleenthede in Amerika alleen ondersteun. Daar word verwag dat hierdie syfer in 2017 tot 1,3 miljoen gaan styg. Airbnb-gaste in 44 stede rondom die wêreld het in een jaar $6,5 biljoen net in restaurante spandeer! Airbnb word as 'n kompeterende, blywende speler in die globale toerisme-industrie gereken.

Airbnb het 'n lang geskiedenis van groot gasheergebeurtenisse. Dit was in werklikheid 'n groot ontwerpkonferensie in San Francisco wat in 2007 daartoe gelei het dat die Airbnb-stigters vorendag gekom het met die idee om hulle huise vir reisigers oop te stel. Sedert daardie eerste konferensie het Airbnb gegroei van een sitkamer in San Francisco tot akkommodasie in meer as 35 000 stede in 190 lande vir gebeurtenisse soos die Amerikaanse Demokratiese Nasionale Konvensie in 2008, die Londense Olimpiese Spele in 2012 en die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Brasilië in 2014. Toe tradisionele verblyfopsies volbespreek of vêr van die gebeurtenislokale af was, het Airbnb-gashere hulle huise oopgestel om besoekers tydens die duur van die gebeurtenisse te help akkommodeer.

IEB Copyright © 2019

Gedurende hierdie gebeurtenisse help die deel van huise om die positiewe plaaslike impak op gasheerstede te versterk:


- Die deel van huise help om te verseker dat die ekonomiese voordeel van groot gebeurtenisse reguit in die sakke van die plaaslike gemeenskap beland.
- Gedurende die Wêreldbeker-sokkertoernooi, het Airbnb-besprekings meer as $38,3 miljoen in inkomste vir die gashere in Brasilië genereer.
- Die deel van huise fasiliteer ook betekenisvolle interaksie wat gemeenskapsbou, kulturele konneksies en kulturele begrip versterk.

Deur inwoners te help om hulle huise te deel, bevorder Airbnb die doeltreffende gebruik van bestaande hulpbronne sowel as 'n meer omgewingsvriendelike, volhoubare manier van reis. Infrastruktuur bestaan alreeds en hoef nie gebou te word nie. Hierdie is definitief die pad om te vat!

[Aangepas en vertaal uit: <https://www.airbnbcitizen.com/airbnb-and-big-events>]

IEB Copyright © 2019

## BYLAAG B: Wêreldtydsonekaart



## BYLAAG C: Vraag 7: Nasienrubriek vir die konsepkaart

| Kriteria | 4 | 3 | 2 | 1 | 0 | Moontlike punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Verskillende behoeftes en verwagtinge van kliënte. | | 4–6 behoeftes en verwagtinge is genoem. | Slegs 2–3 is genoem. | Slegs 1 genoem. | Geen poging om hierdie punt te adresseer nie. | 3 |
| Belangrikheid van kliënteterugvoering en metodes om kliëntesatisfaksie te bepaal. | 4–6 metodes is genoem en 'n bondige poging om die belangrikheid van kliëntesatisfaksie te verduidelik. | Slegs 2–3 metodes is genoem en 'n redelike verduideliking van die belangrikheid van kliëntesatisfaksie. | Slegs 2–3 metodes is genoem en 'n beperkte verduideliking van die belangrikheid van kliëntesatisfaksie **of** metodes verwys slegs in die verbygaan met 'n redelike verduideliking van die belangrikheid van kliëntediens. | Slegs 1 metode is genoem en 'n vae poging om die belangrikheid van kliëntesatisfaksie te noem. | Geen poging om hierdie punt te adresseer nie. | 4 |
| Strategieë om kwaliteit diens te behaal en te onderhou. | | 3–4 strategieë is genoem. | 2 strategieë is genoem. | Slegs 1 strategie is genoem, maar baie vaag | Geen poging om hierdie punt te adresseer nie. | 3 |
| Aanbevelings om dienslewering te verbeter. | | 4 of meer aanbevelings gemaak. | 2–3 aanbevelings is gemaak. | Slegs 1 aanbeveling is gemaak. | Geen aanbevelings is gemaak nie. | 3 |
| Onderlinge verhoudings tussen die verskillende sektore geïllustreer. | | Onderlinge verhoudings tussen die verskillende sektore duidelik geïllustreer. | Onderlinge verhoudings tussen die verskillende sektore gedeeltelik geïllustreer. | 'n Poging is aangewend om die onderlinge verhoudings te illustreer, maar diepte ontbreek. | Geen onderlinge verhoudings is geïllustreer nie. | 3 |
| Impak van toerisme op ekonomiese groei en volhoubaarheid van 'n besigheid. | 'n Uitstekende oorsig wat 'n in-diepte kennis aandui. **× 2** | 'n Deeglike poging is aangewend om hierdie punt te adresseer, maar dit ontbreek in-diepte kennis. **× 2** | Redelike bondige poging is aangewend om hierdie punt te adresseer, maar daar is duidelike gapings wat dui op onbegrip. **× 2** | 'n Vae poging is aangewend om hierdie punt te adresseer. **× 2** | Geen poging is aangewend om hierdie punt te adresseer nie. | 8 |
| Skakels dui onderlinge verhoudings aan met 'n verduideliking daarvan en die uitleg van die konsepkaart. | | | Alle skakels is gemaak en die konsepkaart is op 'n gesofistikeerde manier uitgelê. **× 2** | Sommige skakels is aangedui, of geen verduideliking van skakels en uitleg toon 'n paar gapings. **× 2** | Geen skakels is gemaak nie en uitleg maak nie sin nie. | 4 |
| Sleutel en verskillende kleure is gebruik en geskikte titel. | | | Sleutel in verskillende kleure dui die verskillende konsepte aan en het 'n geskikte titel. | Sleutel in verskillende kleure dui die verskillende konsepte aan, maar het geen titel of sleutel het belangrike beperkings. | Geen sleutel of geen titel. | 2<br>**(Totaal: 30 punte)** |

IEB Copyright © 2019

## BYLAAG D: Vraag 8: Nasienrubriek vir die opstel

| Kriteria | 4 | 3 | 2 | 1 | 0 | Moontlike punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Verduideliking van die BVT en bespreking van persoonlike rol binne die span. | | | Duidelike en bondige verduideliking van die BVT en verduidelik eie betrokkenheid in die span in detail. **× 2** | Verduideliking van die BVT, maar beskrywing van eie betrokkenheid ontbreek. **× 2** | Geen poging om hierdie onderwerpe te adresseer nie. | **4** |
| Evaluasie van eie sterk punte, swak punte met verduideliking van hoe dit die algehele prestasie van die span geaffekteer het. | 'n Uitstekende evaluasie van beide sterk en swak punte en hoe dit die algehele prestasie van die span geaffekteer het. | Beide sterk en swak punte is genoem en kandidaat het genoem hoe dit die prestasie van die span geaffekteer het. | Beide sterk en swak punte is genoem, maar daar is nagelaat om te noem hoe dit die prestasie van die span geaffekteer het. | Of sterk punte/ swak punte is nie genoem nie en die kandidaat het nagelaat om te noem hoe dit die algehele prestasie van die span geaffekteer het. | Geen poging om hierdie onderwerp te adresseer nie. | **4** |
| Belangrikheid van spanwerk om kwaliteit dienslewering **in hierdie onderneming** te verskaf | 'n Uitstekende oorsig met 'n verduideliking van 4 of meer punte. | 'n Goeie poging, maar slegs 3–4 punte is genoem. | 'n Redelike poging, maar voldoende detail ontbreek; slegs 1–2 punte is gemaak. | 'n Onvoldoende poging is aangewend om hierdie punt te antwoord en/of het nie na die besigheid verwys wat die kandidaat bygewoon het nie. | Geen poging om hierdie onderwerp te adresseer nie. | **4** |
| Analise van volhoubaar-heid, verantwoorde-likheid van hierdie onderneming. | Uitstekende analise met toepassing van eie kennis en begrip. **4 × 2** | In-diepte analise toon 'n in-diepte begrip van hierdie onderneming in terme van volhoubaar-heid. **3 × 2** | Redelike analise toon 'n goeie begrip in terme van volhoubaar-heid van hierdie onderneming. **2 × 2** | Onvoldoende analise toon 'n swak begrip in terme van volhoubaar-heid van hierdie onderneming **1 × 2** | Geen poging om hierdie onderwerp te adresseer nie. | **8** |
| Illustreer hoe die vermenigvul-diger-effek die plaaslike gemeenskap in terme van hierdie onderneming affekteer. | | Gesofistikeer-de illustrasie van die vermenigvul-diger-effek en impak op die plaaslike gemeenskap. **3 × 2** | Goeie begrip van die vermenigvul-diger-effek, maar ondersteun-ende bewyse van die impak op die plaaslike gemeenskap ontbreek. **2 × 2** | 'n Vae poging om hierdie onderwerp te adresseer met 'n beperkte begrip van die vermenigvul-diger-effek. **1 × 2** | Geen poging om hierdie onderwerp te adresseer nie. | **6** |
| Organisasie en meganika. | | | Informasie is goed georganiseer met goed gekonstrueer-de paragrawe, met min foute. | Georganiseerd met goed gekonstrueerde paragrawe. 'n Paar grammatika-, spelling en/of punktuasie-foute. | Ongeorgani-seerd met baie grammatika-, spelling en/of punktuasie-foute. | **3** |
| Geskikte titel. | | | | Geskikte titel. | Geen titel. | **1** |

**[30]**

IEB Copyright © 2019